



SYNCRO



Reg. No L 7497 (Act 36 of 1947) Reg. No. 7497 (Wet No. 36 van 1947)

Read the label before use
Keep away from children and animals

Herbicide group	3	Onkruidodder Groep
-----------------	---	--------------------

A wettable powder post-emergence herbicide, packed in water soluble sachets, for the control of broadleaf weeds as indicated in dry land Wheat, Barley and Oats in the Western -, Eastern Cape and Free State.

‘n Benatbare poeier na-opkom onkruidodder, verpak in wateroplosbare sakkies, vir die beheer van breëblaar onkruid soos aangedui in droëland Koring, Gars en Hawer in die Wes-, Oos-Kaap en Vrystaat.

	Hazard statement Causes serious eye damage Very toxic to aquatic life Very toxic to aquatic life with long lasting effects Precautionary statement Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection Wash hands thoroughly after handling. Do not touch eyes.
---	---

Danger

Active ingredient:
Triasulfuron (sulfonyl urea)

750 g/kg

Aktiewe bestanddeel:
Triasulfuron (Sulfonieluream)

Net mass

Netto massa

REGISTERED BY:/
GEREGISTREER DEUR:

BITRAD CONSULTING (PTY) LTD.
Co. Reg. No. 2002/025636/07
PO Box 51454
Wierdapark
0149

Batch number
Date manufactured

Lot nommer
Datum vervaardig

WARNINGS:

• Hazard Statements

Causes serious eye irritation.

Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

- **Aerial Application:** Notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. **SYNCRO** is a highly active herbicide that in small quantities, when used incorrectly, can cause serious damage to crop seedlings, deciduous fruit trees and grape vines during the budding- and early season growth stages. Under the following conditions it can cause serious damage as far as 3 to 5 km from the nearest spray path of the aircraft:

Cloudy weather

Relative humidity above 80%

Low air movement of less than 5 km per hour.

When such conditions prevail, aerial application should NOT be carried out

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow label instructions or to the occurrence of conditions that could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

• Prevention

Avoid release to the environment. Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers and dams .
--

Wash hands and face thoroughly after handling. Do not touch eyes.

• Response

Collect spillage.

If in eyes: Rinse cautiously with water for several minutes. If irritation persists, get medical help.
--

• Storage

Store under lock and key. Keep the soluble sachets dry at all times until mixing takes place.

• Disposal

Dispose of empty container or contents to an approved waste disposal facility.
--

• Cleaning of Application Equipment:

Pay attention to cleaning of all equipment used in the mixing and application of **SYNCRO**, before using it for applications on other crops:

1. Drain spray tank and rinse thoroughly with ample water. Flush the pipes, boom and nozzles of applicator with the water.
2. Drain spray tank again and fill with clean water.
3. Add household Ammonia – 1 litre for every 100 litres of water.
4. Bleed the system to ensure that all pipes, booms and nozzles are filled with the ammonia solution.
5. Leave the ammonia solution in the applicator for at least one hour.
6. Drain spray tank and pipe system completely.
7. Repeat steps 2 to 6.
8. Remove ammonia residues by flushing system with clean water.
9. Contamination on mixing equipment must also be washed with ammonia solution, whilst those on the outside of equipment can be washed with water.
10. Do NOT dispose the wash water where it will contaminate crops, grazing, rivers, dams, and the root zone of desirable plants.

RELEVANT SUBSTANCES:

Hazardous Component	Weight %
Triasulfuron	< 60 %
Fatty Alcohol Derivatives	< 10 %
Na - alkyl naphthalene sulphonate salts	< 10%

FIRST AID:

Product may damage eyes on contact and cause irritation to skin and respiratory system.

NOTE TO PHYSICIAN

No antidote is available. Treat symptomatically and supportively.

RESISTANCE STATEMENT:

SYNCRO is a member of the sulfonyleurea group of herbicides (group B) and is an acetolactate synthase (ALS) inhibitor. Some naturally occurring weed biotypes resistant to **SYNCRO** and other ALS inhibitors (group B herbicides) may exist through normal genetic variability in a weed population. These resistant weeds can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **SYNCRO** or by other group B herbicides.

To delay the selection of resistant weeds:

- Integrate tillage or other mechanical control methods (including non-selective herbicides during the fallow period) into weed programs whenever practical.
- Avoid repeated use of herbicides of the same mode of action groups.
- Plan crop rotations to allow the use of herbicides from different mode of action groups.
- Maintain herbicide records for each field to prevent repeated use of the same herbicide on the same field.
- Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and by planting clean seed.
- Inspect each land annually to identify the development of resistance early.
- If the above-mentioned preventative measures are not strictly adhered to, the registration holder cannot be held responsible should **SYNCRO** fail to control resistant weeds.

Note: Sub-standard applications will lead to unsatisfactory control and assist in the development of resistance.

USE RESTRICTIONS:

The use of **SYNCRO** is restricted to dry land Wheat, Barley and Oats in the Western - and Eastern Cape and Wheat in the Free State

2. Follow-up crops.

- After a **SYNCRO** application, the following pre-plant intervals for follow up crops must be adhered to:

Wheat, Barley, Oats	- 6 months
Lupins and Peas	- 9 months
Medics, Clover & Lucerne	- 11 months
Any other crops	- 24 months (preceded by a test planting)
 - Soils with pH levels exceeding 6.5 (KCl) and/or soils containing free lime may result in longer residual activity of **SYNCRO** in respect of follow-up crops.
3. **Erratic control/regrowth** of weeds may occur under any of the following conditions:
- Soils that tend to leach and/or become waterlogged.
 - Solid objects covering the soil surface e.g. hard clods and stones.
 - Applications that do not coincide with the correct growth stages of weeds - as recommended.
 - Large weeds that escaped chemical tillage or cultivation, will not be controlled.
 - The residual effect on germinating weeds is limited and depends on factors such as weed species, soil pH, soil moisture and - temperature.
4. **Crop stress conditions.** Do not use **SYNCRO** when crop is growing under any stress condition e.g. water logging, drought, disease, insect damage and nutritional deficiencies (especially Nitrogen).
5. **Under sown Cereals:** **SYNCRO** must not be applied to cereals under sown with legumes.
6. **Water quality:** Use only water of good quality as suitable for irrigation, i.e. neutral pH, and without excessive salts/chemicals.
7. **Compatibility:** Crop safety of certain tank mixtures must be tested prior to commercial use. It is known that chlorpyrifos in mixture with sulfonyl ureas are **NOT** safe to crops.

Likewise, a surfactant must not be added to a tank mixture of **SYNCRO** mixed with another EC formulation when aerial application is done.

8. **DO NOT** leave unused spray mixture overnight for later use.
9. Incorrect timing of application in terms of crop stage and/or excessive dosage rates may damage the crop.

MODE OF ACTION

Inhibition of acetolactate synthase, blocking biosynthesis of certain amino acids, stopping cell division and plant growth.

DIRECTIONS FOR USE:

USE ONLY AS DIRECTED

- **SYNCRO** use is limited to dry land Wheat, Barley and Oats in the Winter Rainfall Region only i.e. Western - and Eastern Cape and Wheat in the Free State.
- Apply **SYNCRO** post emergence, after weeds have germinated and when the crop has reached the 3 – 5 leaf stage.
- **SYNCRO** is formulated as a wettable powder and packed in water soluble sachets to ensure accurate dosages. Each sachet contains 15 g product.
- **The use of SYNCRO in tank mixture with ROMEX and/or bromoxynil is recommended for the Western - and Eastern Cape and MCPA mixture is recommended for the Free State. (See Note under Application Table)**

PRE-MIXING:

- Do NOT handle the water soluble sachets with wet gloves.
- Count the number of sachets needed according to number of hectares to be treated and the capacity of the spray tank.
- Add the counted sachets into a bucket with water and mix to ensure that total disintegration of the sachets and full dispersing of the contents in the water occurs.
- Add this concentrate mixture to the spray tank.

MIXING INSTRUCTIONS:

1. Fill spray tank to $\frac{1}{2}$ full of water.
2. Add the dispersed mixture to the tank through a sieve.
3. Top up to the required volume while agitating continuously, then proceed as follows:

Ground application:

Add the required amount of surfactant to the spray mixture while agitating. Wait until thoroughly mixed before application.

Aerial application:

Follow the same steps as above. If a registered Anti-evaporant/Drift Control Agent is to be used, add the product slowly to the surface of the continuously agitated water and ensure good mixing before the spray mixture is pumped into the aircraft.

APPLICATION:

Ground application:

Apply 150 to 250 litres spray mixture per hectare at a constant operating pressure of 150 to 300 kPa and constant ground speed.

Ensure an even coverage of the target area, using boom fitted with solid - or hollow cone nozzles. Prevent overdosing by avoiding overlapping of swaths and spraying whilst moving at speeds below the constant calibration speed and/or stopping.

Aerial application: (SEE WARNING ABOVE)

SYNCRO may only be applied by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (The Aerial Application of

Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Use a minimum of 30 litres spray mixture/ha.
- Use a conventional boom.
- Nozzles must be equipped with hollow cone or flat fan tips.
- A minimum spray volume of 30 litres per ha must be applied and minimum 30 - 35 droplets per cm² must be recovered on the target area.
- The CV for droplet distribution must not exceed 50 %.
- The following flying heights must be maintained above the target area:
 - At wind speeds of: 0 - 8 km per hour - 3 m
 - 8 - 15 km per hour - 2 m
 - more than 15 km per hour - do not spray.
- The difference between the wet and dry bulb readings, as determined by a whirling hygrometer, must not exceed 8° C.
- Do NOT spray during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
 - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray and that the fields are accurately marked to avoid overlapping of spray swaths. Obtain assurance from the aerial spray operator that the above requirements are met.

APPLICATION TABLE:

The use of SYNCRO in mixtures is preferred and recommended as indicated below.

CROP	DOSAGE/ha	DIRECTIONS FOR APPLICATION
WHEAT, BARLEY and OATS:	WESTERN - AND EASTERN CAPE: Product used alone: For ground - and aerial application, 15 g SYNCRO (1 sachet/ha) plus 50 ml Wet-All /100 litre spray mixture or TRISURE at 300 ml/100 / spray mixture or other Surfactant at registered rate. For Aerial application, add Surfactant (except when EC products are used in tank mixes) and Anti Drift Agent / Anti- evaporant if needed (at registered rates).	Strictly adhere to the maximum growth stages of weeds at application as indicated in the table below. Best weed control results are obtained when applications coincide with optimal growing conditions, when weeds are growing actively under ideal moisture regimes. Apply as a post-emergence application to young weeds which are not exceeding the growth stages given in the following table and when the cereal crop is in the 3 – 5 leaf stage. DO NOT use SYNCRO when crop is growing under stress conditions. Please refer to Use Restrictions and pay attention to limitations of the product in terms of: *Controlling large weeds *Erratic control and regrowth of weeds *Pre-plant intervals of follow-up crops *Warning on under sown crops *Compatibility with other products *Quality of water used in applications
	Product tank mix recommendations: For ground - and aerial application, 15 g SYNCRO (1 sachet/ha) plus 7 g Romex (200 g/kg WP) 1 sachets/4 ha plus 50 ml Wet-All /100 litre spray mixture or TRISURE at 300 ml/100 / spray mixture or other Surfactant at registered rate. For Aerial application with mixtures: Follow recommendations as for SYNCRO when used alone.	This mixture is recommended when Emex australis is present in the weed population. Do not exceed the max. growth stage of weed as indicated in table below. As a strategy towards limiting resistance development against the sulfonyl urea (group B) herbicides, substitute ROMEX with MCPA 400 SL every third year. When MCPA is used, apply when the crop is in growth stage - GS7 to GS13 (as popularly described).

	For ground application, 15 g SYNCRO (1 sachet/ha) plus 600 - 750 ml Bromoxynil 225 EC plus 50 ml Wet-All /100 litre spray mixture or TRISURE at 300 ml/100 / spray mixture or other Surfactant at registered rate. Aerial application is not recommended for this mixture.	This mixture is recommended as another alternative where Emex australis is present in the weed population and to minimise weed resistance against the sulfonyl urea group, or where cop stage exceeds the limit for phenoxy type herbicide applications. Use the higher dosage rate of Bromoxynil for larger Emex australis weeds, but not exceeding the 5 leaf stage.
WHEAT	FREE STATE: For ground - and aerial application, 15 g SYNCRO (1 sachet/ha) plus 2,0 – 4,0 litre/ha MCPA 400 SL plus 50 ml Wet-All /100 litre spray mixture or TRISURE at 300 ml/100 / spray mixture or other Surfactant at registered rate. For Aerial application, add Surfactant (except when EC tank mixes are used) and Anti Drift Agent / Anti-evaporant if needed (at registered rates).	Use SYNCRO only in mixture. Recommended when Chenopodium album is present as weed. Use the higher MCPA rate for larger weeds. Apply when the crop is in the GS7 to GS13 growth stage (as popularly described).

WEEDS CONTROLLED:

Western – and Eastern Cape:

The following weed species are normally controlled by **SYNCRO**, if used alone at 15 g/ha **DOSAGE** from emergence up to the growth stage indicated:

Common Name	Botanical name	Maximum weed size at application
Cape wild mustard	<i>Sysimbrium capense</i>	5 cm
Chickweed	<i>Stellaria media</i>	5 cm
Fumatory	<i>Fumaria muralis</i>	5 cm
Nettle leaved goosefoot	<i>Chenopodium murale</i>	5 cm
Small stinkweed	<i>Pentzia suffruticosa</i>	5 cm
Wild radish	<i>Raphanus raphanistrum</i>	5 cm - 4 leaves
Vetch	<i>Vicia spp.</i>	5 cm

The following weed species are **additionally** controlled by **SYNCRO** if used in tank mixture with **ROMEX** and/or **Bromoxynil 225 EC**.

Common Name	Botanical name	Maximum weed size at application
Spiny emex	<i>Emex australis</i>	3 leaf stage.

Free State:

The following weed species are controlled by **SYNCRO** if used in tank mixture with **MCPA 400 SL**.

Common Name	Botanical name	Maximum weed size at application
White goosefoot	<i>Chenopodium album</i>	5 cm

Romex - Reg. No. L 6986
Wet-All - Reg. No. L 8361
Trisure - Reg. No. L 7141

WAARSKUWINGS:

- **Gevaarklousules:**

Kan ernstige oogirritasie veroorsaak.

Uiters giftig vir waterlewe met 'n langdurige effek.
--

- **Lugtoediening:** Stel alle inwoners in die nabye omgewing in kennis van die gebied wat bespuit gaan word en reik die nodige waarskuwings uit. **SYNCRO** is 'n uiters aktiewe onkruidoder wat in klein hoeveelhede, indien verkeerdelik aangewend, ernstige skade kan aanrig aan gewassaailinge, sagtevrugtebome en wingerde. Onder die volgende klimaatstoestande kan dit ernstige skade aanrig vir sover as 3 – 5 km vanaf die naaste spuitbaan van die vliegtuig.

Bewolkte weer

Relatiewe humiditeit hoër as 80 %

Stadige lugbeweging van minder as 5 km per uur

Waar sulke toestande heers, moet lugtoedienings NIE gedoen word nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder all toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

• Voorkoming

Voorkom vrystelling in die omgewing. Verhoed dat spuitnewel ander gewasse, weiding, riviere, en damme bereik.
Was hande en gesig deeglik na hantering. Moet nie oë aanraak nie.

• Reaksie

Versamel vermorsing.
Indien in oë: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Indien irritasie voortduur, verkry mediese hulp.

• Storing

Stoor agter slot en Grendel. Hou oplosbare sakkies droog totdat vermenging plaasvind
--

• Wegdoening

Doen weg met inhoud en/of leëhouers deur te verskaf aan goedgekeurde afvalfasiliteite

- Skoonmaak van toedieningsapparaat:** : Spesiale aandag moet gegee word aan die skoonmaak van spuittoerusting wat gebruik is vir SYNCRO - voordat dit gebruik word vir toedienings op ander gewasse.

- Dreineer spuittenk en spoel deeglik met genoeg water. Pomp ook water deur die pype, spuitbalk en spuitpunte.
- Dreineer die spuittenk weer en hervul met skoon water.
- Voeg huishoudelike Ammoniak by water in spuittenk – 1 liter vir elke 100 liter water.
- Bloei die sisteem om te verseker dat alle pype, spuitbalk en spuitpunte gevul is met die Ammoniakoplossing.
- Laat die Ammoniakoplossing in die spuit vir ten minste een uur.
- Dreineer weer die spuittenk en spuitsisteem.
- Herhaal stappe 2 tot 6.
- Verwyder die Ammoniakresidue deur die spuitsisteem goed te spoel met skoon water.
- Kontaminasie op die mengapparaat moet ook gewas word met 'n Ammoniak oplossing, terwyl residue op die buitekant van spuittoerusting met water afgewas kan word.
- Moet NIE** waswater weggooi waar dit gewasse, weiding, riviere en damme kan besoedel nie,

BETROKKE MATERIALE:

Gevaarlike stowwe	Massa %
Triasulfuron	> 60 %
Vet alkohol verbindings	< 10 %
Na - alkiel naftaleen sulfonaatsoute	< 10%

NOODHULP:

Produkt mag skadelik wees met oogkontak en irriterend wees op vel en asemhalingstelsel.

NOTA AAN GENEESHEER:

Geen teenmiddel is beskikbaar nie. Behandel simptome en ondersteunend.

WEERSTANDVERKLARING:

SYNCRO hoort tot die sulfonielureum groep onkruidodders (groep B) en is 'n acetolaktaat sintase (ALS) inhibeerder. Sommige onkruidbiotipes, weerstandbiedend teen **SYNCRO** en ander ALS inhibeerders (groep B onkruidodders) mag natuurlik voorkom deur normale genetiese variasie in die onkruidpopulasie. Hierdie weerstandbiedende onkruid kan uiteindelik die onkruidpopulasie domineer indien hierdie onkruidodders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal nie beheer word deur **SYNCRO** of ander B-groep onkruidodders nie.

Om die seleksie van weerstandbiedende onkruid te vertraag:

- Integreer grondbewerking of ander meganiese beheermetodes (insluitend die gebruik van nie-selektiewe onkruidodders op braaklande) met onkruid beheerprogramme waar prakties moontlik.
- Voorkom herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde metode van werking. Beplan wisselbou om die gebruik van ander onkruidodders (uit ander groepe) met verskillende werkingsmetodes moontlik te maak.
- Hou rekord van onkruidoder gebruik vir elke land, om te voorkom dat dieselfde onkruidoder herhaaldelik gebruik word op dieselfde land.
- Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende onkruid se saad of steggies na ander lande deur implemente en oesmasjiene skoon te hou en deur skoon saad te plant.
- Inspekteer elke land jaarliks, om die ontwikkeling van weerstand vroeg te identifiseer.
- Indien bovermelde voorkomende maatreëls nie streng nagekom word nie, kan die registrasiehouer nie verantwoordelik gehou word indien **SYNCRO** nie weerstandbiedende onkruid beheer nie.

Nota: Sub-standaard toedienings sal lei tot onbevredigende beheer wat kan bydra tot die ontwikkeling van weerstand.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

1. Die gebruik van **SYNCRO** is beperk tot droëland Koring, Gars en Hawer in the Wes- en Oos-Kaap en Koring in die Vrystaat.
2. **Opvolg gewasse.**
 - Na toediening met **SYNCRO**, moet die volgende tydsintervalle gehandhaaf word, voordat opvolg gewasse geplant word:

Koring, Gars, Hawer	- 6 maande
Lupiene and Ertjies	- 9 maande
Medicago, Klaver & Lusern	- 11 maande
Alle ander gewasse	- 24 maande (voorafgegaan deur toetsplanting)
 - Gronde met pH vlakke wat 6.5 (KCl) oorskry en/of gronde wat vry kalk bevat, mag lei tot langer residuele grondaktiwiteit van **SYNCRO** teenoor opvolg gewasse.
3. **Wisselvallige beheer/hergroei** van onkruid mag voorkom onder enige van die volgende toestande:
 - Gronde wat loog en/of versuiping toon.
 - Vaste stowwe wat grondoppervlak bedek soos harde kluite en klippe.
 - Toedienings wat nie ooreenkom met die regte groeistadiums van onkruid nie – soos aanbeveel.
 - Groot onkruid wat bespuitings voor plant en/of bewerkings oorleef het, sal nie beheer word nie.
 - Die nawerking op ontkiemende onkruid is beperk en hang af van faktore soos onkruid spesies, grond pH, grondvog en -temperatuur.
4. **Gewas stremmingstoestand.** Moet nie **SYNCRO** toedien indien gewas onder stremmingstoestand verkeer nie bv. versuiping, droogte, siektes, insekskade en voedingstekorte (veral Stikstof).
5. **Ondergesaaide kleingraan: SYNCRO** moet nie toegedien word op kleingraan wat ondergesaai is met peulgewasse nie.
6. **Water kwaliteit:** Gebruik slegs water van goeie kwaliteit soos geskik vir besproeiing nl. neutrale pH en vry van oormatige sout/chemikalieë.
7. **Mengbaarheid:** Die veiligheid op gewasse van tenkmengsels moet getoets word voordat kommersiële toedienings plaasvind. Dit is bekend dat chlorpirifos in mengsel met sulfonielureas, nie veilig is op gewasse nie. Soortgelyk, moet benatter NIE bygevoeg word indien **SYNCRO** gemeng word met 'n ander EK formulاسie wanneer lugbespuiting gedoen word nie.
8. **MOET NIE** ongebruikte spuitmengsel oornag laat vir latere gebruik nie.
9. Verkeerde tydstop van toediening in terme van gewasstadium en/of oordosisse mag lei tot gewasskade.

WERKINGSMETODE:

SYNCRO behoort tot die sulfonielurea groep onkruidodders (groeppkode B onder HRAC) en is 'n asetolaktaat sintese inhibeerder. (ALS inhibitor).

GEBRUIKSAANWYSINGS:

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

- Die gebruik van **SYNCRO** is beperk tot droëland Koring, Gars en Hawer in die Wes- en Oos-Kaap en Koring in die Vrystaat.
- Spuit **SYNCRO** na-opkoms, nadat onkruid ontkiem het wanneer die gewas die 3 - 5 blaarstadium bereik het.
- **SYNCRO** is geformuleer as 'n benatbare poeier en verpak in oplosbare sakkies om akkurate dossisse te verseker. Elke sakkie bevat 15 g produk.
- **Die gebruik van SYNCRO in tenkmengsel met ROMEX en/of bromoksinil word aanbeveel vir die Wes- en Oos-Kaap en MCPA mengsel word aanbeveel vir die Vrystaat. (Sien Nota onder Toedieningstabel)**

VOORMENG PROSES:

- Moet NIE die wateroplosbare sakkies met nat handskoene hanteer nie.
- Tel die getal sakkies af wat benodig word volgens die aantal hektaar wat behandel moet word en die kapasiteit van die spuittenk.
- Gooi die getelde sakkies in 'n emmer met water en meng om te verseker dat volle disintegrasie van die sakkies en volle dispersie van die inhoud in die water plaasgevind het.
- Voeg hierdie gekonsentreerde mengsel in die spuittenk.

MENGINSTRUKSIES:

1. Vul die spuittenk $\frac{1}{2}$ vol met water.
2. Voeg die gedispergeerde konsentraatmengsel in tenk deur 'n sif.
3. Vul tenk tot verlangde kapasiteit terwyl voortdurend geroer word, gaan dan voort as volg:

Grondtoediening:

Voeg die verlangde hoeveelheid benatter in die tenk terwyl geroer word. Verseker goeie vermenging voordat toediening begin.

Lugtoediening:

Volg dieselfde stappe soos hierbo. Indien 'n geregistreerde Anti-verdampingsmiddel/Drywingbeheer produk gebruik word, voeg die produk stadig by op die oppervlak van die mengsel wat geroer word en verseker weereens goeie vermenging voordat spuitmengsel in die vliegtuig gepomp word.

TOEDIENING:

Grondtoediening:

Dien toe in 150 tot 250 liter spuitmengsel per hektaar teen 'n konstante spuitdruk van 150 tot 300 kPa en konstante grondspoed.

Verseker 'n eweredige bedekking van die teikengebied, deur spuitbalk toegerus met soliede- of holkeëlsputpunte te gebruik. Voorkom oordosisse deur oorvleueling van spuitbane te vermy, asook bespuiting terwyl teen lae spoed beweeg word (onder kalibrasiespoed) en/of gestop word.

Lugtoediening: (SIEN WAARSKUWING HIERBO)

SYNCRO kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (The Aerial Application of Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Gebruik 'n minimum van 30 liter spuitmengsel per hektaar.

- Gebruik 'n konvensionele spuitbalk wat met holkeël- of platwaaierspuitpunte toegerus is.
- Dien 'n minimum van 30 liter spuitmengsel per ha toe en verseker dat 30 druppels per vk. cm op die teikengebied herwin word.
- Die KV vir druppelverspreiding moet nie 50 % oorskry nie.
- Die volgende vlieghoogtes bo die teikengebied moet gehandhaaf word:
 - Teen windsnelheid van: 0 - 8 km per uur - 3 m
 - 8 - 15 km per uur - 2 m
 - meer as 15 km per uur - staak bespuiting
- Die verskil tussen die nat- en die droëbollesing, soos met 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie 8° C oorskry nie.
- Moenie tydens die hitte van die dag spuit nie.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.

Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur preseies weet watter lande bespuit moet word en akkuraat gemerk is. Verhoed oorvleueling van spuitbane. Verkry vesekering dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

TOEDIENINGSTABEL:

Die gebruik van SYNCRO in mengsels word verkies en aanbeveel soos aangedui hieronder.

GEWAS	DOSIS/ha	AANWYSINGS VIR TOEDIENING
KORING, GARS en HAWER:	<u>Aanbeveling vir tenkmengsels:</u> Vir grond- en lugtoediening, 15 g SYNCRO (1 sakkie/ha) plus 7 g Romex (200 g/kg WP) 1 sakkie/4 ha plus 50 ml Wet-All /100 liter spuitmengsel of Trisure teen 300 ml/100 / spuitmengsel of ander Benatter teen geregistreerde dosis. Vir lugtoediening met mengsels: Volg aanbevelings soos vir SYNCRO wanneer produk alleen gebruik word.	Hierdie mengsel word aanbeveel wanneer Emex australis teenwoordig is as onkruid. Moenie die maksimum groeistadium van onkruid oorskry tydens toediening nie, soos hieronder aangedui. As strategie om onkruid se ontwikkeling van weerstand teen die sulfonielurea (groep B) onkruidodders te beperk, vervang ROMEX met MCPA 400 SL elke derde jaar. Wanneer MCPA gebruik word, dien toe wanneer die gewas in die GS7 tot GS13 groeistadium is (soos popular beskryf).
	Vir grondtoediening, 15 g SYNCRO (1 sakkie/ha) plus 600 - 750 ml Bromoksiniel 225 EC plus 50 ml Wet-All /100 liter spuitmengsel of Trisure teen 300 ml/100 / spuitmengsel of ander Benatter teen geregistreerde dosis. Lugtoediening met hierdie mengsel word nie aanbeveel nie.	Hierdie mengsel word aanbeveel as ander alternatief, waar Emex australis teenwoordig is as onkruid en om onkruidweerstand teen die sulfonielurea groep te minimiseer, of waar die groeistadium van die gewas, buite die limiete val vir toedienings met phenoksie tipe onkruidodders. Gebruik die hoë dosis van Bromoksiniel vir groter Emex australis onkruid, maar nie groter as die 5 blaarstadium nie.

KORING	VRYSTAAT: Vir grond- en lugtoediening, 15 g SYNCRO (1 sakkie/ha) plus 2,0 – 4,0 liter/ha MCPA 400 SL plus 50 ml Wet-All /100 liter spuitmengsel of Trisure teen 300 ml/100 / spuitmengsel of ander Benatter teen geregistreerde dosis. Vir Lugtoediening, voeg Benatter by (behalwe as EK produkte in tenkmengsels gebruik word) en Drywingsbeheerprodukt/ Anti-verdampingsmiddel indien benodig (beide teen geregistreerde dossise)	Gebruik SYNCRO slegs in mengsels. Word aanbeveel wanneer Chenopodium album teenwoordig is as onkruid. Gebruik hoër MCPA dosis vir groter onkruid. Dien toe wanneer die gewas in die GS7 tot GS13 groeistadium is (soos popular beskryf).
---------------	--	--

ONKRUIDE BEHEER:

Wes- en Oos-Kaap:

Die volgende onkruidspesies word normaalweg beheer met **SYNCRO**, wanneer alleen gebruik teen 15 g/ha **DOSIS**, vanaf opkoms tot op groeistadium soos aangedui:

Gewone naam	Botaniese naam	Maksimum onkruidgrootte met toediening
Kaapse wilde mosterd	<i>Sysimbrium capense</i>	5 cm
Sterremuur	<i>Stellaria media</i>	5 cm
Duiwekerwel	<i>Fumaria muralis</i>	5 cm
Hondebos	<i>Chenopodium murale</i>	5 cm
Klein stinkkruid	<i>Pentzia suffruticosa</i>	5 cm
Ramenas	<i>Raphanus raphanistrum</i>	5 cm - 4 blare
Wilde ertjie	<i>Vicia spp.</i>	5 cm

Die volgende onkruidspesies word **addisioneel** beheer met **SYNCRO** in tenkmengsels met **ROMEX** en/of **Bromoksiniel 225 EC**.

Gewone naam	Botaniese naam	Maksimum onkruidgrootte met toediening
Kaapse dubbeltjie	<i>Emex australis</i>	3 blaarstadium.

Vrystaat:

Die volgende onkruidspesies word beheer met **SYNCRO** in 'n tenkmengsel met **MCPA 400 SL**.

Gewone naam	Botaniese naam	Maksimum onkruidgrootte met toediening
Withondebossie	<i>Chenopodium album</i>	5 cm

Romex - Reg. Nr. L 6986
Wet-All - Reg. Nr. L 8361
Trisure - Reg. Nr. L 7141